

Skriflesing: 1 Korinthiërs 15:1-11; Romeine 8:1-17; Romeine 10:8-10

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 17**

Teks: Romeine 8:10-11;

Sing- SAMESANG: Ps.16:4,5

TYDENS EREDIENS: Ps.9:8,13; Ps.48:4; Sb.10:1,2,5,6

Ons kan ons nie 'n groter kontras indink as die tussen Sondag 16 en Sondag 17 nie!

Broeder en suster, in Sondag 16 staan die dood in die middelpunt, Christus se dood en ons dood. Sondag 17 kry ons presies die teenoorgestelde. Hier is die lewe in die middelpunt. Jesus se lewe en Hy skenk aan ons die lewe. Ons kan Sondag 17 selfs beskryf as 'n lewens lied. Die lewe van Christus Jesus, onse Here, en wat Sy lewe vir ons beteken! Waar Sondag 16 aanmekaar moes vra... waarom die dood, waarom die graf, waarom die hel, vra Sondag 17 eenvoudig dit heel anders. Hier is geen WAAROM nie, dit vra eenvoudig reguit, op die man af- **Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?** Die opstanding van Christus word nie beredeneer asof dit iets is wat ons oor moet wonder, kon dit plaasvind, of kon dit nie. Die opstanding word eenvoudig gestel as 'n historiese feit. Ons wat nog in die wêreld van ellende en dood lê, word eintlik in 'n ander wêreld ingebring. Ons word die vraag na watter nut het die opstanding vir jou, vir my, vir ons... Dit het beslis waarde wat groter is as net die waarde wat dit vir Christus Self sou hê!

Met hierdie vraag besef ons dadelik die teenoorgestelde lyn wat nou oopbreek. Tot Sondag 16 was dit heelyd 'n afwaartse lyn, dit wat ons die neer dalende lyn van Christus se lyding en sterwe kan noem. Dit het neergedaal tot die diepte van God wat sy Seun verlaat het. Dit wat die hel vir Hom was. Nou het ons 'n opwaartse lyn. Dit gaan hoër en hoër, vanaf die graf tot in die hemelse heerlijkheid.

Die oomblik as Christus die dood oorwin, op daardie kritieke oomblik, ons kan dit noem die mees kritieke verandering wat daar nog ooit in die wêreld was, op daardie moment het sy staat verander. Die state van vernedering het vir Hom geword die state van sy verhoging. Die woordjie *staat* is baie belangrik, want dit gaan oor sy reg, sy regsposisie, waar Hy geheel en al in die staat van vernedering as die skuldige voor God gestaan het. Hy het ons sonde en ons skuld op Hom geneem. As 'n vervloekte is Hy na die kruis gelei

en daar het Hy gesterwe. Aan die kruis gaan Hy selfs deur die lyding van die hel, die staat waarin Hy toe verkeer het, het Hy dit Self uitgeroep- *My God, my God, waarom het U my verlaat*. Die laaste staat, om nog dieper te moet afgaan, in die grond in is Hy verneder, die staat van sy graf, was die skande om begrawe te word. 'n Liggaam wat dood is kan nie in die samelewing van mense wat lewe geduld word nie.

Wanneer Christus uit die dood opstaan is dit so belangrik dat ons sal besef waar Hy nou voor God staan is heeltemal anders as waar Hy drie dae gelede was. Die plek wat Hy nou voor God die Vader inneem, en die regsposisie wat Hy voor God beklee is 'n oorwinning oor die dood, maar dit is nog meer. Die geregtigheid wat Hy deur sy dood voor die Vader verwerf het, kan nou deur ons gedeel word. Romeine 4:25b stel dit eintlik heeltemal tot ons voordeel. Daar staan- *Jesus, onse Here wat opgewek is ter wille van ons regverdigmaking*. Soos Calvyn dit ook hier stel- die krag om regverdig te maak kan alleen toegeskryf word aan die wederopstanding waardeur die dood verslind is. Die kruis het al grootliks tot hierdie regverdigheid bygedra maar die volkomenheid van hierdie genade kon alleen in Christus se nuwe lewe tot ons genade te voorskyn tree.

Die stukkende verhouding, tussen God en ons, dit wat ons op geen manier kon doen nie, ons uit onself het geen geregtigheid voor God kon bring nie, dit alles het Christus reggemaak en heelgemaak. Christus gee met sy opstanding vir ons die bewys van ons regverdigmaking. Die God wat 'n verterende vuur is, verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God, dit wat ons as skuldige mense voor God met angs en siddering moes vervul, niemand wat voor hierdie God kan lewe nie, maar dit wat Christus doen wanneer Hy uit die dood opstaan, dit bring ook vir ons in 'n ander staat, in 'n ander regsposisie voor God.

Ons kan nou as geregverdig voor God kom staan, vrygespreek mag ons kom voor die God wat ons soos vir Abraham sy vriende noem (Jak.3:23). Romeine 5:1 stel dit nog duideliker- omdat Christus ons geregverdig het, *het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus*. Christus het letterlik die laaste deeltjie gedoen, waar sy opstanding die

bewys is dat Hy het die dood deurgesterf. Inderdaad is dit wat Romeine sê – *Hy is opgewek ter wille van ons regverdigmaking.*

As Christus opstaan is dit eintlik soos ’n geboorte. Hy die Eersgeborene uit die dode. As die wêreld bewe en skeur, selfs die voorhangsel skeur in twee toe Christus sterwe, toe het hulle al uitgeroep- *Waarlik Hy is die Seun van God.* Soveel te meer is daar by die oopskeur van sy graf, by sy opstaan uit die dood, almal wat op daardie dag van sy opstanding, ook saam met Hom in lewe was, hulle wat al by sy dood lewendig geword het, hoeveel te meer sou daar by Sy lewe, by Sy opstanding dit nog harder uitgeroep moet word- **WAARLIK HY LEWE, WAARLIK HY IS DIE SEUN VAN GOD.** Hy wat saam met hulle wat dood was die lewe ingaan. Geen woord kan dit eintlik behoorlik beskryf nie, ons kan maar net sê- Hy het gewen, Hy het die dood oorwin. Deur sy opstanding het Hy aan ons getoon dat Hy die Seun van God die Vader is. Hy het werklik die dood oorwin, **sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak.**

Die bewys van ons regverdigmaking, dit wat die opstanding vir ons in besonder beteken gee ook die beginsel van ons heiligmaking. Die beginsel is **...ons (word) nou ook deur sy krag tot nuwe lewe opgewek.** Ons sonde wat eintlik ons graf is, daardie sondegraf wat elke mens homself/haarself in begrawe, maak dat ons nie net aan die liggaamlike dood onderworpe is nie, maar ook dra ons die geestelike dood met ons saam (Ef.2:1). En vanweë hierdie geestelike dood is mens voortdurend geneig om die wil van God opsy te skuif en die wil van die sonde te doen. Christus se nuwe lewe is vir ons die geheim van ons nuwe lewe. So min soos wat ek uit myself dit sal kan regkry om my uit die gewone graf van die dood te laat opstaan, net so min kan ek uit die graf van die geestelike dood opstaan sonder die krag van die opstanding van Christus. Die opstaan uit die geestelike dood vind plaas by die wedergeboorte.

Ons moet hierin onself baie duidelik voor God stel deur te besef wat dit beteken om in Christus te lewe. Dan is ek nie maar net met bietjie restourasie-werk aan my ou lewe besig nie, hier ’n bietjie verbeter, daar ’n bietjie verander soos wat ek goed dink nie, maar

om werklik deur Christus se opstandingskrag tot nuwe lewe opgewek te word is 'n lewe wat werklik in alles nuut wil wees. 'n Lewe van geloof uit Christus. 'n Lewe waar alles uit God is (2 Kor.5:17-18). Dit word baie duidelik vir ons gesê- *Hy wat in Christus is, is 'n nuwe skepsel...*

So een gaan 'n nuwe lewe lei, jy gaan nie maar 'n nuwe lap op ou klere wil werk, of nuwe wyn in 'n ou wysak wil gooi nie. Op die pad van heiligmaking word daar nie op die ou fondamente van die ou lewe gebou nie, maar daar word geleef en gebou net op een fondament en die fondament is Jesus Christus. Ons moet nou reeds begin om te lewe op die fondament wat vir ons gelê is, en moenie voortdurend lewe probeer blaas in 'n lewe wat oud is nie. Moet nie op jou ou gekraakte lewensfondament wil bou nie, want in Christus is daar werklik nuwe fondamente gelê.

Wedergeboorte beteken dat ek die dooies hulle eie dooies sal laat begrawe, want vir ons wat in Christus lewe is dit 'n geval van om al hoe meer uit my doodsheid op te staan, al hoe meer my ou natuur te kruisig, al hoe meer my sonde te laat sterwe, want het ons al in V/A 43 gevra dat die wil van God al hoe meer in ons lewens sal opstaan en sal groei. Die sondige begeertes wat nie meer oor ons moet heers nie, maar ons kan onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.

Dit wat in Kol.3 staan, in v1, is waaroor dit alles gaan- *Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strew na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie.* Hierdie lewendmakende krag wat in ons belydenis ter sprake kom is nie iets wat ekself kan regkry nie. Ek kan my nie self inspan en nou dink nou het ek dit kon bereik nie, maar al hoe dit ons deel kan word is om nie uit jou eie krag nie, maar uit die krag van die geloof, en alleen *in* die geloof kan alles *uit* die geloof bereik word. Dit wat vir ons baie duidelik moet wees- **UIT GENADE IS JULLE GERED, DEUR DIE GELOOF.**

Dit moet vir ons nie net bekend wees nie, dit moet ons lewe wees. Dan gebeur daar dinge wat bo ons lê. Die nuwe lewe wat nie vanuit onself gebeur nie, maar Paulus gebruik vir hierdie geheim 'n duidelike woordspeling. Al leef ons nog wel in 'n liggaam maar ons uitwoning is by die Here. 2 Kor.5:6 – *Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.* Watter voorreg om as die nuwe lewe deur die Gees by jou begin inwoon, jy dan terselfdertyd by die Here kan uitwoon.

Met hierdie feit dat die opgestane Christus ons heiligmaking is, die nuwe lewe onder die genade – dit wat Rom 8 se opskrif ook is- laat ons in hierdie proses, in hierdie stryd van om voortdurend op te staan, werklik die nuwe lewe in God se genade soek. Jy sal met niks minder regkom as met die krag van die opgestane Christus nie. As dit nie sy krag in jou en my is nie, dan sal ons nie kan opstaan nie. Die ander kant van dieselfde saak, as dit Sy krag is wat in jou is, dan gebeur presies wat ons teks in Rom. 8 sê- *Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.* Dit weereens gelees saam met Rom.4:25- *Hy wat opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.*

Hieraan weet ons dat heiligmaking berus ten volle op regverdigmaking, maar as heiligmaking nie gebeur nie, dan is die regverdigmaking 'n vraag! Ons as kinders van die Here, dit moet ons onself baie duidelik afvra, of andere in ons lewens werklik daardie warmte, daardie aantrekking, daardie oorrading in ons lewens raaksien. Lewe ons werklik, selfs waar andere daardeur aangeraak moet word, as mense met 'n opstandingsgeloof. Kry die lewende Christus werklik in jou lewe daardie gestalte wat ander laat besef dat Christus werklik in jou en my lewe?! As die dinamiese gloed en die oorweldigende inspirasie van sy opstanding by ons ontbreek, dan moet ons die dood by onself soek, nie by Hom nie. Niemand mag in die geregtigheid van Christus wil roem, en so roem ons in die vergewing van sondes en selfs in dit wat my regverdig maak, maar ek gaan maar met my ou lewe aan nie. God laat Hom nie bedrieg nie, boonop bedrieg ek myself.

Ons besef as hierdie krag in jou en my lewe deurbreek, ons word werklik tot nuwe lewe opgewek, dan is die lewe van heiligmaking een geweldige uitbreek in jou lewe, dit wat 'n uitwoon van die Here genoem word. Dan word kinders en grootmense, sakemanne en boere, ingenieurs en onderwysers, tot in die diepste dele van hulle werk aangeraak. So een se verhoudinge en sy gesindheid by dit wat sy werk is, sal die nuwe lewe, daardie gesindheid van Christus sal in ons lewens nie weggesteek kan word nie.

Die Kategismus het egter nog 'n derde vrug, 'n derde waarde wat daar in Christus se opstanding vir ons bestaan. **Die opstanding van Christus is vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.** Die evangelie van God, dit waarmee ons in Sondag 17 ten volle mee te doen kry, dit wat my die verskil in Christus laat besef, die verskil tussen om dood te wees OF om te lewe! Watter geweldige verskil Tog is daar mense wat eintlik dood is, al lewe hulle liggame nog. Want dood-wees in die Here se Woord beteken om sondaar te wees. 'n Sondaar is vir God dood. So een het niks om voor te lewe nie, en sal sy lewe met geld en met allerhande aardse dinge wil vul, maar dit is eintlik na alles sulke nuttelose dinge. So een bly 'n gevangene van homself, en wie gevangene van homself/haarself is, dit is 'n miserabele doodstoestand waarin so een verkeer.

Vandag kom ons agter, alles hang af van Christus se opstanding uit die dood. Die bewys van ons regverdigmaking, die beginsel van ons heiligmaking, maar ook die waarborg van ons heerlikmaking. Dit wat Christus vir ons gedoen het, besef u werklik die waarde van die woorde in die Kategismus- net die woorde- VIR ONS!

Ons het by die lewe van heiligmaking moes aanskou die groot belangrikheid van om geestelik op te staan. Die geestelike opstanding, sal gevolg word deur die liggaamlike opstanding. Hier word 'n gewisse pand, of soos dit nuut vertaal word, 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding gegee. Duideliker kan niemand dit stel as wat ons in Rom.8:11 dit gelees het nie- *As die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewendig maak deur sy Gees wat in julle woon.* Op die jongste dag, die dag van Christus

se wederkoms, dan sal daar 'n geweldige oopmaak van grafte wees, omdat Christus se graf reeds oop is. Christus is die Oorwinnaar oor dood en graf. So min soos wat die dood die laaste sê kon kry, net so min sal 'n graf die laaste woord kan inkry! 1 Korinthiërs 15 het hier soveel om ons te openbaar. In vers 20 lees ons- *Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.*

Die gedagte van om die eersteling te wees, is wat in die Ou Testament gedoen is. Wanneer die Israeliet die eersteling van sy oes na die tempel gebring het, daardie eerste gerwe word na die priester gebring, maar in daardie paar gerwe as dit voor die Here kom dan word dit die bewys ek bring hierdie eerste gerwe as waarborg van die volle oes wat aan God behoort. Christus wat die Eersteling word van die wat ontslaap het, en tog laat sy graf God na al die grafte van sy kinders op aarde omsien. Die volle omvang daarvan waar so baie grafte op hierdie aarde al lê, almal wat in afwagting is, op die koms van Christus in sy heerlikheid. Hy, Christus, Hy is die Eersteling, Hy is die waarborg, dat almal wat in Christus gesterwe het, hulle uit die grafte opgewek sal word.

Ons aardse dood hou vir ons geen bedreiging meer in nie. Jesus het die geestelike en die liggaamlike dood oorwin. Die angel is uit die dood uit en die verskrikking is uit die doderyk uit (1 Kor.15:55). Ons aardse dood word deel van ons bevryding, want dit word 'n deurgang na die ewige lewe. Saam met Paulus kan ons uitroep- *vir my is die lewe Christus en die sterwe wins!* Al sny die sekel van die dood so diep in lewens in, jonges en oues word daardeur getref, die vloed van trane is een huis nog nie eers opgedroog nie, dan begin dit weer in 'n ander huis. Wanneer ons in die opgestane Here lewe, is nie net sy opstanding nie, maar Hyself, die opgestane Christus is die betroubare waarborg vir ons salige opstanding. Ons weet egter daar sal nie net 'n opstanding wees vir die gelowiges nie, maar ook vir die ongelowiges. Christus het Self gesê – *daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en uitgaan. Dié wat goed gedoen het sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word* (Joh.5:28-29). Vir die gelowige is die sekerheid van ons opstanding so troosryk.

Die Sondag 17, al is dit dalk van die kortste afdelings in die hele Kategismus, is dit van die rykste dele wat geen mens homself/haarself kan indink nie. Om geregverdig, geheilig, verheerlik tot God te gaan, en dit alles omdat ons weet die Here het opgestaan.

AMEN

Vrae uit Sondag 17

1. Wat kan ons as die middelpunt van Sondag 17 beskryf?
2. Watter groot verskil is daar tussen Sondag 16 en Sondag 17? Noem ook die verskil in lyne wat getrek word.
3. Wat beteken die woord *staat* as ons die staat van Christus in Sondag 17 moet beskryf?
4. Wat word bedoel as ons glo dat Christus se opstanding vir ons die bewys van ons regverdigmaking is?
5. Wat word bedoel as Christus se opstanding ook die beginsel van ons heiligmaking genoem word?
6. Is dit vir jou moontlik om met jou eie krag uit die graf van die geestelike dood op te staan?
7. Watter gebeurtenis maak die lewe van heiligmaking in jou lewe moontlik?
8. As ons in Christus nuwe lewe ontvang wat moet ons onder hierdie nuwe lewe verstaan?
9. Christus se opstanding word ook genoem die waarborg van ons heerlikmaking. Wat word hiermee bedoel?
10. Wat beteken dit as ons in 1 Kor. 15 lees dat Christus die Eersteling geword het van die wat ontslaap het (1 Kor.15:20)?
11. As die laaste dag op aarde aanbreek wat sal met AL die grafte gebeur?
12. Is daar vir ons enige bedreiging in die aardse dood?

